

PROKUREURSEKSAMEN

DEEL 4

BOEKHOU VIR REGSPRAKTISYNS

18 MAART 2021

14:00-16:15

Totaal: [100]

Kandidate word 15 minute gegun om die vraestel deur te lees voordat hulle die vrae beantwoord. Geen kandidaat mag tydens hierdie tyd in die antwoordboek begin skryf nie. Die eksamen van 2 uur volg dan.

1. Kandidate mag sakrekenaars gebruik.
2. Maak seker dat in u antwoorde die betrokke inskrywings duidelik herkenbaar, beskrywend en volledig is.
3. Maak aparte besigheids- en trustkasboeke asook grootboekrekeninge vir kliënte oop en moet dit nie kombineer nie. Joernaal-inskrywings moet behoorlik herkenbaar en beskrywend/verhalend wees.
4. Skryf asseblief slegs in pen op die regterkantse bladsye.
5. Kandidate hoef nie 'n mondeling af te lê as 50% of meer behaal is nie, behalwe in uitsonderlike omstandighede. Kandidate wat minder as 40% behaal, kwalifiseer nie vir 'n mondeling nie en het in hierdie afdeling gedruip.

U word deur u korrespondent ABC Attorneys van instruksies voorsien om op te tree namens kliënt Red. U het ingestem om die instruksie te aanvaar en 'n toelaag van 20% op alle fooie aan die korrespondent toe te staan.

U gaan voort as volg:

1. U reik 'n dagvaarding uit waarin Red gesitêr word as die Eiser en mev. Green as die Verweerder. Die skuldoorsaak is "geld geleen en voorgeskiet" en die eisbedrag beloop R750,000.00.
2. U debiteer 'n fooi ten bedrae van R3,000.00.
3. U oorhandig die dagvaarding aan die Balju. Die Balju beteken die dagvaarding op mev. Green en voorsien u van sy faktuur ten bedrae van R1,500.00.
4. U betaal die Balju die bedrag van R1,500.00.
5. Daarna doen u aansoek om Vonnis by Verstek en u debiteer 'n fooi ten bedrae van R6,000.00.
6. U reik 'n lasbrief vir eksekusie uit en debiteer 'n fooi ten bedrae van R6,000.00.
7. U oorhandig die Lasbrief aan die Balju vir tenuitvoerlegging.
8. Die Balju voorsien u van 'n *Nulla Bona* relaas asook 'n faktuur ten bedrae van R3,000.00.
9. U betaal die Balju die bedrag van R3,000.00.
10. Mev. Green kontak u en maak 'n reëling om die eisbedrag en koste te vereffen deur middel van 'n aanvanklike betaling ten bedrae van R100,000.00 en daarna maandelikse betalings, ten bedrae van R100,000.00, totdat die totale eis gedelg is. Mev. Green bewerkstellig die eerste afbetaling van die ooreengekome R100,000.00. U debiteer invorderingskommissie ten bedrae van R1,000.00.
11. U ontvang verder instruksies vanaf u korrespondent om toe te sien tot die registrasie van 'n maatskappy vir Red.
12. U stel die MOI op en debiteer 'n fooi van R15,000.00.
13. U betaal die registrasiefooie, ten bedrae van R5,000.00. Die maatskappy is gevolglik behoorlik geregistreer.

Daar word van u versoek om:

- (a) Al die inskrywings in u finansiële rekord te bewerkstellig. BTW teen 15% is van toepassing op alle fooie.
- (b) Verreken aan u korrespondent.
- (c) Stel 'n rekeningstaat op.

VRAAG 2**[15]**

U besigheidskasboek op 28 Februarie 2021 reflekteer 'n gunstige balans van R25,000.00. Op dieselfde dag reflekteer u bankstaat 'n ongunstige balans van R15,000.00. 'n Vergelyking van die kasboek en die bankstaat bring die volgende aan die lig:

1. 'n Deposito van R18,269.00 is verkeerdelik in die kasboek aangeteken as R18,629.00.
2. Bankkoste ten bedrae van R500.00 is gedebiteer teen u bankrekening.
3. Rente ten bedrae van R1,200.00 op die ongunstige balans is nie aangeteken in die kasboek nie.
4. 'n EFT betaling aan 'n besigheidskrediteur, bewerkstellig op 27 Februarie 2021, in die bedrag van R21,600.00 en geskeduleer vir betaling op 1 Maart 2021, verskyn slegs in die kasboek.
5. 'n EFT betaling deur 'n kliënt, ten aansien van u rekeningstaat, in die bedrag van R38,500.00, bewerkstellig op 28 Februarie 2021, verskyn slegs in die kasboek.
6. 'n Trustbetaling, in die bedrag van R14,990.00 is foutiewelik gedebiteer teen die besighheidsrekening.
7. 'n EFT betaling vanaf 'n kliënt, in die bedrag van R15,100.00, is nie in die kasboek aangeteken nie.
8. 'n Stoporder betaling ten aansien van u korttermynversekering, in die bedrag van R1,150.00, verskyn nie in die kasboek.
9. 'n Debietorder betaling, ten bedrae van R20,000.00, ten aansien van u maandelikse kantoorhuur, verskyn nie in die kasboek.

Daar word van u versoek om die volgende voor te berei:

- (a) Aanvullende kasboek vir Februarie 2021;
- (b) Die bankrekonsiliasiestaat vir Februarie 2021.

VRAAG 3**[40]**

U firma spesialiseer in die oordrag van onroerende eiendomme. Na konsultasie met u kliënte, ontvang u die volgende deposito's:

- R650,000.00 kontant deposito vanaf Madonna.
- R300,000.00 kontant deposito vanaf Prince.
- R200,000.00 kontant deposito vanaf Wayne.
- R150,000.00 kontant deposito vanaf Bruno.

- R500,000.00 kontant deposito vanaf Sibiya wie u verder van instruksies voorsien om aandele aan te koop ten bedrae van R186,000.00 in Bitcoin Corporation LTD.

Madonna gee aan u skriftelike instruksies om haar deposito te belê by First Bank. U voer die mandaat uit.

U besluit om R100,000.00 van die beskikbare fondse, gehou op trust, te belê in 'n trustbeleggingsrekening te Second Bank.

Sibiya voorsien u van instruksies om die Bitcoin Corporation LTD aandele te verkoop, en u ontvang R205,000.00.

U onttrek alle trustbeleggings en u ontvang R655,000.00 vanaf First Bank en R110,000.00 vanaf Second Bank.

U betaal die rente oor aan die onderskeie begunstigdes.

Daar word van u versoek om:

- 3.1 Al die bogemelde transaksies in u Trustkasboek en Grootboekrekeninge aan te teken. (33)
- 3.2 Onttrek 'n lys van Trustbalanse soos vereis deur die Wet op Regspraktisyns en Reëls. (6)
- 3.3 Toon aan dat u oor voldoende fondse beskik in u trustbeleggingsrekeninge om u trustverpligtinge te dek. (1)

LAW SOCIETY
OF SOUTH AFRICA
- DIE EINDE -